DIREKSIE EN LEDE VAN KOMITEES

J P Rupert | J Malherbe | P J Neethling | A E Rupert

J J Durand | M Lubbe | N J Williams

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

J P Rupert (70)
Aangestel: 18 Augustus 2000

VOORSITTER

Direkteurskappe: Mnr Rupert is die voorsitter van Compagnie Financière Richemont SA en die voorsitter van Reinet Investments Manager SA, die bestuursmaatskappy van Reinet Investments S.C.A. Hy het ekonomie en maatskappyreg aan Universiteit Stellenbosch studeer en het 'n uitgebreide loopbaan in internasionale sake, bankwese en finansies. Nadat hy vir Chase Manhattan Bank en Lazard Frères in New York gewerk het, het hy Rand Aksepbank Beperk in 1979 gestig. In 1985 het hy by die Rembrandt Groep aangesluit. Hy is die ontvanger van eredoktorsgrade in die regte, ekonomie en handel. Hy het gedien as kanselier van Universiteit Stellenbosch vanaf 2009 tot 2019 en is voorsitter van die Vredesparkestigting.

J Malherbe (64)
Aangestel: 11 Oktober 2006

ONDERVOORSITTER

Direkteurskappe: Mnr Malherbe is 'n direkteur van Compagnie Financière Richemont SA, Pension Insurance Corporation Group Beperk en Reinet Investments Manager SA. Hy het as geoktrooieerde rekenmeester gekwalifiseer en vir die voorgangerfirma van PricewaterhouseCoopers gewerk voordat hy in 1985 by Rand Aksepbank Beperk aangesluit het en sluit in 1990 by die Rembrandt Groep aan. Hy is aangestel as nie-uitvoerende mede-ondervoorsitter van Remgro in November 2014 en is 'n lid van die beleggingskomitee.

P J Neethling (35)
Aangestel: 28 November 2019

Direkteurskappe: Mnr Neethling dien as alternatiewe direkteur vir mnr J J Durand op die direksie van RCL Foods Beperk. Hy was 'n beleggingsbestuurder in die korporatiewe finansieringsafdeling van Remgro Bestuursdienste Beperk, 'n volfiliaal van Remgro Beperk en het uitgebreide besigheidservaring opgedoen deur 'n aantal ander direkteurskappe. Hy het 'n BComm (Honneurs) in Finansiële en Beleggingsbestuur aan die Universiteit Stellenbosch behaal.

A E Rupert (32)
Aangestel: 29 November 2018

Direkteurskappe: Mnr Anton Rupert dien sedert 2017 op die direksie van Compagnie Financière Richemont SA en is 'n lid van laasgenoemde se strategiese sekuriteit en nominasiekomitee. Hy het waardevolle insig ten opsigte van veranderende verbruikersgedrag in digitale bemarking en web-gebaseerde handel en het sedert 2009 omvattende blootstelling aan die groep se besighede.

UITVOERENDE DIREKTEURE

J J Durand (53)

HOOFUITVOERENDE BEAMPTE

BRek (Hons), MPhil (Oxon), GR(SA)
Diensjare by die groep: 24

Direkteurskappe: Mnr Durand is in Mei 2012 as die hoofuitvoerende beampte van Remgro aangestel en het op die direksie van verskeie onderliggende beleggings van Remgro gedien. Hy is tans voorsitter van Distell Group Holdings Beperk, RCL Foods Beperk en Rand Merchant Investment Holdings Beperk en dien ook op die direksie van Mediclinic International plc. Hy het voorheen in die groep gedien as Remgro se beleggingshoof en ook as finansiële direkteur en hoofuitvoerende beampte van VenFin Beperk.

M Lubbe (50)

NAKOMING EN KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE BELEGGINGS

BA
Diensjare by die groep: 26

Direkteurskappe: Me Lubbe is in September 2016 as uitvoerende direkteur van Remgro aangestel en is verantwoordelik vir nakoming en korporatiewe maatskaplike beleggings van die maatskappy. Sy dien op die direksies van Remgro Beperk se volfiliale, asook die direksie van Historiese Huise van SA Beperk. Sy dien as 'n nie-uitvoerende direkteur op die direksie van Business Partners Beperk.

N J Williams (55)

HOOF FINANSIËLE BEAMPTE

BComm (Hons), GR(SA)
Diensjare by die groep: 26

Direkteurskappe: Mnr Williams is in April 2016 as die hoof finansiële beampte van Remgro aangestel en het op die direksie van verskeie onderliggende beleggings van Remgro gedien. Hy dien tans op die direksie van Air Products South Africa Eiendoms Beperk, Business Partners Beperk, eMedia Investments Eiendoms Beperk en Total South Africa Eiendoms Beperk. Hy het voorheen in die groep gedien as Remgro se hoof van korporatiewe finansies en ook as hoof finansiële beampte van VenFin Beperk.

Lede van komitees

OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE
S E N De Bruyn (voorsitter), N P Mageza, P J Moleketi, F Robertson

BELEGGINGSKOMITEE
J P Rupert (voorsitter), J J Durand, P K Harris, J Malherbe, G G Nieuwoudt, N J Williams

S E N De Bruyn | P K Harris | N P Mageza | P J Moleketi | M Morobe | G G Nieuwoudt | K M S Rantloane | F Robertson

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

S E N De Bruyn (48)
Aangestel: 16 Maart 2015

HOOF ONAFHANKLIKE DIREKTEUR

Direkteurskappe: Me De Bruyn was medestigter van Identity Capital Partners Eiendoms Beperk in 2008. Sy het 18 jaar ondervinding as 'n direkteur van maatskappye en het gedien op die direksies van FirstRand Beperk, Anglo American Platinum Beperk, Mr Price Group Beperk, en Dimension Data (Suid-Afrika) Eiendoms Beperk. Sy is tans 'n nie-uitvoerende direkteur van RMB Holdings Beperk, Rand Merchant Investment Holdings Beperk en Discovery Beperk. Me De Bruyn is ook voorsitter van die Ethos Mid Market Fund en 'n lid van die JP Morgan EMEA Advisory Council. Sy was voorheen 'n trustee van die Nasionale Bemagtigingsfonds en 'n lid van die presidensiële werkgroep oor SEB. Sy het bygedra tot die debat oor die bemagtiging van vroue, SEB, transformasie, privatisering en die ekonomie deur publikasies, artikels en onderhoude. Sy is voorsitter van die oudit-en-risikokomitee en 'n lid van die maatskaplike-en-etiesekomitee.

P K Harris (70)
Aangestel: 28 November 2001

Direkteurskappe: Mnr Harris dien as 'n nie-uitvoerende direkteur van Rand Merchant Investment Holdings Beperk. Hy het aan Universiteit Stellenbosch gegradueer met 'n MComm in ekonomie en finansies. Hy is 'n medestigter van Rand Consolidated Investments wat in 1985 met Rand Aksepbank Beperk saamgesmelt het. Hy was ook 'n stigterdirekteur van FirstRand Beperk na die samevoeging van die finansiëledienste-belange van Anglo American Corporation of South Africa en RMB Holdings Beperk en hoofuitvoerende beampte tot sy aftrede in 2009. Mnr Harris is lid van die beleggingskomitee en die vergoedings-en-nominasiekomitee.

N P Mageza (65)
Aangestel: 4 November 2009

Direkteurskappe: Mnr Mageza was voorheen die hoof bedryfsbeampte van die Absa Groep. Hy is 'n geoktrooieerde gesertifiseerde rekenmeester en 'n genoot van die Vereniging van Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeesters (VGGR) VK, sowel as 'n direkteur van verskeie maatskappye, insluitende Anglo American Platinum Beperk, RCL Foods Beperk en Sappi Beperk. Hy het wye ervaring opgedoen in talle uitvoerende poste in die oudit-, finansiëledienste- en die vervoer- en logistiekesektore. Hy is 'n lid van die oudit-en-risikokomitee en die maatskaplike-en-etiesekomitee.

P J Moleketi (63)
Aangestel: 4 November 2009

Direkteurskappe: Mnr Moleketi was die voormalige adjunkminister van finansies van die Republiek van Suid-Afrika en LUR vir finansiële en ekonomiese sake in die Gauteng-provinsie. Hy is ook direkteur van verskeie maatskappye wat op die JSE Beperk genoteer is. Hy is nie-uitvoerende voorsitter van Harith Fund Managers en PPC Beperk. Hy beskik oor nagraadse kwalifikasies in ekonomie en bestuur van die Universiteit van Londen en die Harvard Besigheidskool en het wye internasionale ervaring, strategiese leierskapkwaliteite en in-diepte korporatiewe bestuurservaring in beide die openbare en privaatsektor. Hy is 'n lid van die oudit-en-risikokomitee en die vergoedings-en-nominasiekomitee.

M Morobe (63)
Aangestel: 18 Junie 2007

Direkteurskappe: Mnr Morobe is tans die nasionale direkteur van die "Programme to Improve Learning Outcomes (PILO)", 'n pos wat hy in 2013 beklee het na 'n sewe-jaar termyn as hoofuitvoerende beampte van die destydse JSE genoteerde Kagiso Media Beperk. Hy het 'n loopbaan van 48 jaar wat strek oor die wêreld van studenteaktivisme, vakbondwese, werk in die nie-regeringsektor, politiek, die openbare sektor, bewaring en die korporatiewe sektor. Mnr Morobe, wat altyd op soek is na nuwe uitdagings, is in 1994 aangestel as die eerste hoofuitvoerende beampte en voorsitter van die Finansiële en Fiskale Komitee wat ingevolge die Grondwet van Suid-Afrika gestig is om aanbevelings aan die Parlement te doen oor die billike verdeling van nasionale ingevorderde inkomste tussen die nasionale, provinsiale en die plaaslike regering. Hy het in die pos aangebly tot 2004 waarna hy by die Presidensie aangesluit het as Kommunikasiehoof, 'n rol wat hy vervul het tot 2006 toe hy die geleentheid benut het om by Kagiso Media Beperk as hoofuitvoerende beampte aan te sluit. Tussenin sy formele indiensnemingsrolle het hy ook op verskeie rade gedien, beide in die nie-regerings- en die privaatsektore, onder andere die Raad van Hoër Onderwys (1999–2000); voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke Raad (1999–2005); voorsitter van Ernst & Young (SA) (2001–2005); voorsitter van Johannesburg Behuisingsonderneming (2003–2006). Mnr Morobe dien tans as 'n nie-uitvoerende direkteur van RMB Holdings Beperk en Rand Merchant Investment Holdings Beperk, en dien op die direksie van die DG Murray Trust. Hy is die voorsitter van die maatskaplike-en-etiesekomitee.

G G Nieuwoudt (44)
Aangestel: 28 November 2019

Direkteurskappe: Mnr Nieuwoudt is die stigter en die besturende vennoot van Southern Right Capital. Hy dien as 'n onafhanklike adviseur van Stanlib Multi-Manager se bates-beleggingskomitee en is 'n nie-uitvoerende direkteur van Empiric Managed Capital Advisors en Accumulus Funds. Voorheen was hy direkteur van Alternative Investment Solutions by Edmond de Rothschild Capital Holdings, Londen en die besturende vennoot en portefeuljebestuurder by Silver Creek Capital UK LLP. Hy is 'n CFA Charterholder en het 'n BComm graad in Wiskunde aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is 'n lid van die beleggingskomitee.

K M S Rantloane (39)
Alternatiewe onafhanklike nie-uitvoerende direkteur vir P K Harris
Aangestel: 28 November 2019

Direkteurskappe: Mnr Rantloane is die stigter en uitvoerende hoof van Ata Capital en is tans 'n direkteur van Rain Group Holdings Eiendoms Beperk, Southern African Venture Capital and Private Equity Association, SLG Eiendoms Beperk, Masana Petroleum Solutions Eiendoms Beperk, Imbewu Capital Partners Eiendoms Beperk en 'n trustee van die Click Foundation. Voorheen was hy hoof van skuldkapitaalmarkte by Deutsche Bank AG, Johannesburg. Hy het sy loopbaan begin by Rand Aksepbank Beperk en het gedien as uitvoerende assistent vir die hoofuitvoerende beamptes van FirstRand Beperk en FirstRand Bank Beperk. Hy het 'n BSc (Honneurs) graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal en 'n FRM-aanwysing van die Global Association of Risk Professionals.

F Robertson (65)
Aangestel: 28 Maart 2001

ONDERVOORSITTER

Direkteurskappe: Mnr Robertson is uitvoerende voorsitter van Brimstone Investment Corporation Beperk. Hy en sy sakevennoot het Brimstone Investment Corporation Beperk tot 'n JSE Beperk genoteerde maatskappy ontwikkel. Hy is ook voorsitter van Sea Harvest Group Beperk, Lion of Africa Insurance Company Beperk en Lion of Africa Life Assurance Company Beperk. Hy dien as nie-uitvoerende direkteur op die direksies van Aon Re Africa Eiendoms Beperk en Swiss Re Life and Health Africa Beperk. Hy dien ook as voorsitter van die raad van trustees van die Universiteit van Wes-Kaap Stigting. Mnr Robertson is die ontvanger van 'n eredoktorsgraad in filosofie van die Universiteit van Wes-Kaap. Hy is 'n lid van die oudit-en-risikokomitee en die vergoedings-en-nominasiekomitee. Hy is aangestel as nie-uitvoerende mede-ondervoorsitter van Remgro in November 2019.

BESTUURSRAAD
J J Durand (voorsitter), P R Louw, M Lubbe, P J Uys, N J Williams

VERGOEDINGS-EN-NOMINASIEKOMITEE
J P Rupert (voorsitter), P K Harris, P J Moleketi, F Robertson

MAATSKAPLIKE-EN-ETIESEKOMITEE
M Morobe (voorsitter), S E N De Bruyn, P R Louw, N P Mageza, P J Uys